



STUDENTEBLAD

van die

P.U. vir C.H.O.

Deel VIII.

21 MAART, 1953.

No. 1.

DERDE MYLPAAL VIR P.U. vir C.H.O.

Eregraad aan Totuis P.U. GAAN VAN KRAG TOT KRAG.

Die hoogtepunt van die gradeplegtig vandag is die oomblik wanneer die Universiteit sy heel eerste Ere-Doktorsgraad uitreik aan sy geëerde en hooggeagte Kanselier, Totius. Die Ere-graad is Th.D., Honoris Causa.

Daarbenewens sal aan 195 studente grade toegeken word volgens inligting wat die organiseerder van die Universiteit mee deel. Hiervan sal 115 Baccalaureusgrade, 56 Honneurs, Th.B. en B.Ed., 21 Meesters- en drie Doktorsgrade wees.

80 GEVORDERDE GRADE.

Die feit dat die Potchefstroomse Universiteit, behalwe die 115 Baccalaureusgrade, 80 gevorderde toekennings maak is roemryk. 'n Universiteit se diens aan sy volk word gemeet aan die maatstaf van sy navorsingswerk in diens van die land en die volk. Aan hierdie maatstaf voldoen die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vandag ten volle. Dit is 'n bewys dat hierdie Inrigting sy naam dubbel en dwars verdien. Sy bestaansreg is geregverdig! Dit is 'n teken van bloei. Hierdie Universiteit groei en hy sal steeds groei.

REKORD STUDENTETAL.

Alle vorige rekords is vanjaar oortref toe 'n duisend en enige (Vervolg volgende kolom 2).

studente op 25 Februarie l.l. ingeskrif is.

EER VIR P.U.

Die heuglikste gebeurtenis wat hierdie Universiteit nog beleef het behalwe sy selfstandigwording is beslis die toekenning van die eerste Ere-Doktorsgraad. Die Vrye Universiteit van Amsterdam het 50 jaar gewag aler hy sy eerste Ere-graad uitgereik het. Potchefstroom doen dit na drie jaar, omdat hy ten volle daarvoor kan rekenskap gee. Nee, die Ver-eerde se diens aan sy land en volk, aan sy kerk, sy diens vir sy taal—dit alles beslis self, gee self rekenskap vir hierdie Ere-toekenning. Totius is die kultuurheld van die Afrikanernasie, profeet van die Boerevolk. Ons bring hulde aan hom!

GELUG AAN

ALMAL WAT

VANDAG

'N GRAADJIE KRY.



TOTUIS

A.S.B. BEOOG GROOTSTE KONGRES DUSVER.

Toere na L.M. en Caprivi Streek.

Die moontlikheid dat die A.S.B. 'n kongressaamtrek en nie net 'n gewone kongres gaan hou nie is byna 'n werklikheid. Dit sal in die vorm van 'n groot akademiese byeenkomsplaas. Dit sal in die vorm van 'n groot akademiese byeenkoms plaasvind waar die Afrikaanse studente kontak met mekaar sal kan kry deur middel van kulturele kompetisies, toneelfeeste, volkspele en fakulteitskonferensies.

AKADEMIESE KONGRES.

Te oordele na die program van aksie wil dit voorkom of die reorganisasieplan wat verlede jaar met die Bloemfontein kongres aangeneem is nou deurgevoer gaan word. Behalwe die kongres vind daar o.a. 'n eisteddfod, fotowedstryd en 'n uitstalling van die skone en beeldende kunste plaas.

TOERE.

'n Uitgebreide buitelandse toer word onderneem in Desember, een na Lourenço Marques is deur die buitemuurse tak aan U.P. vir die

komende Paasaweek gereël. Lede wat in hierdie kort toer belangstel kan met Mnr. J. C. Pitgieter skakel. Die interessantste wat die Toeredirekteur aanbied is 'n navorsingstoer na die Caprivi streek. Na ons vernem vind hierdie toer glo groot byval. Studente wat dus hierin belangstel word aangeraai om sodra inskrywings gevra word onmiddellik hulle name op te gee. Die toer vind in Junie plaas.

Die kongressaamtrek vind van 4 tot 9 Mei op Stellenbosch plaas.

LEES WAT DINK

OU SOTTIE

VAN GRADEPLEGTIGHEID

OP BLADSY 5.

P.U. SOEK WATER

„Die Wapad” het verlede jaar berig dat deur die bemiddeling van dr. Jan Steyn daar 3.000 morge grond naby Ventersdorp deur die Departement van Landbou aan die Universiteit toegeken is. Daar is verder berig dat die plaas baie klipperig is en geen water het nie.

Op die oomblik, egter, word daar pogings aangewend om water op die plaas te kry en indien hierdie pogings 'n sukses is, kan die plaas 'n baie waardevolle vir die Universiteit wees. Daar is egter nog nie besluit wat eventueel van die plaas gaan word nie.

Wyle mnr. Roelf Grové, vroeëre Raadslid van die Universiteit, het destyds gemeld dat indien daar water op die plaas gevind word, dit maklik £12.000 werd sal wees.

AANDKLASSE

Daar gaan nou 'n begin gemaak word om na-uurse klasse vir die B.Comm.-graad aan die Universiteit te doseer. Hierdie klasse sal Maandae- en Vrydae-aande in die hoofgebou plaasvind. Daar word gehoop om baie studente van Klerksdorp en die omliggende streke te trek.

DIE GOUE MOND.

'n P.U.-student, mnr. G. van den Bergh, het die onderskeiding te beurt geval om die redenaarskompetisie van die N.J.B.-tak op 8 Maart, te wen. Hy het oor die onderwerp „Verdeeldheid van Duitsland en die invloed daarvan op die moderne staatkunde” gepraat.

Mnr. van den Bergh het hierdeur gekwalifiseer om aan die eindronde van die redenaarskompetisie van die N.J.B. in Johannesburg deel te neem wat op 2 April plaasvind.

Proff. H. L. Swanepoel en W. N. Coetzee het as beoordelaars opgetree.

Ons wens Mnr. Van den Bergh baie sterkte toe.

RAADSLEDE OORLEDE

Weens die afsterwe van mnr. R. Grové op 5 November 1952 en ds. J. V. Coetzee op 26 Desember 1952, het daar twee vakatures ontstaan op die Raad van die Universiteit. In die plek van wyle mnr. Grové is aangestel mnr. J. M. Brink, as verteenwoordiger van die regering. Die kuratore van die Teologiese skool moet nog 'n persoon benoem in die plek van wyle ds. Coetzee.

Weens ouderdom het ds. G. H. J. Kruger van Parys ook as Raadslid bedank en in sy plek is benoem dr. S. P. van der Walt. Langs hierdie weg wil ons ook

ons simpatie betuig aan die familieleden en naasbestandes van wyle ds. J. V. Coetzee en mnr. R. Grové.



Prof. J. C. van Rooy, rektor.

Foto: J. N. J. Kritzinger.

Dit wil voorkom of ons rektor weer in goeie gesondheid verkeer.

Die Wapad wens hom ook hartlik geluk met die Ere-Doktorsgraad wat die Vrye Universiteit van Amsterdam verlede jaar aan hom toegeken het.

Mag die Here u nog lank spaar.

Die Wapad.

21 MAART 1953.

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

REDAKSIE.

Hoofredaktetuur: D. F. Erasmus.

Sub-Redakteurs: D. v.d. Spuy (Sport); M. J. Strydom (Alg. Nuus);
I. C. J. Minnaar (Varia); G. v.d. Berg (Kuns); Mej. L.
Grobler (Algemeen).

Fotograaf: L. J. Potgieter.

Spotprenttekenaar: L. Haarhof.

Administrasie: W. J. Sevenster (Voors.); J. Buys; R. Meyer;
I. van Vuuren.

AAN „DOKTORTJIE”.

... selfs in hul ouderdom
sal daar geen mind'ring kom
van bloei en edele vrugte.

(Ps. 92: 7).

Vandag reik die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys sy heel eerste Ere-Doktorsgraad uit en dit aan ons geliefde „Doktortjie” . . . Totius. . . Aan Totius die kleine en tog so groot, die helderste ster aan die firmament van die Afrikaner-nasie, voorste burger van die Boervolk . . . Ons Doktortjie.

Maar hy is ook een van Suid-Afrika se grootste geleerdes en wetenskaplikes, in ieder geval, ons knapste teoloog. 'n Christen gelowige denker en 'n Gereformeerde dogmatikus by uitstek, . . . die sanger digter wat vir sy kerk die psalms berym het en die uitnemende tekskritikus en eksegeet wat die Bybel in Afrikaans help vertaal het. En aan hierdie kolos gee die Potchefstroomse Universiteit vandag 'n Ere-Doktorsgraad in die Teologie—Th.D. Honoris Causa. Wie gun dit nie onse Hooggeleerde Kanselier nie. Is hy nie een van hierdie Universiteit wat uit die Teologiese Skool gebore is nie? En is hy nie een van ons Teologiese Skool nie? Vir sy baanbrekerswerk op gebied van die Teologie en dan veral met betrekking tot die Gereformeerde Teologie is hierdie ere-toekenning nie 'n skaduwee van erkenning nie. Dis slegs bedoel as opregte blyk van waardering . . . Wat 'n eer vir die Universiteit om Totius te kan vereer. Nog nooit nie en nooit weer nie sal hierdie Universiteit in Teologiese Skool 'n soortgelyke ere-toekenning kan maak nie. En nooit moet ons dink dat ons Totius kan vergoed nie.

. . . Dit wat ons eintlik wil aanbied aan u vergaan deur mot en roes, Hooggeagte Totius. Maar ons sal altyd onthou en ons dank die Here dat Hy u aan ons gegee het. U het uself onbaatsugtig opgeoffer. Hoe het u nie met kennershand die saad van kennis hier gesaai nie. Hoe het u nie met al u kragte en talente hier gewoeker nie. Ditnieom u eie eer nie maar om die eer van God in die eerste plek, terwille van u kerk en die Afrikanernasie wat u so hartstogtelik lief het. As dienskneg van die Allerhoogste was u stryder vir Sy saak op elke terrein van die lewe, die vinger omhoog gerig—alles gaan om die eer van God.

Ons het as studente baie van u geleer, maar die grootste les wat ons van u kan leer is nederigheid en bescheidenheid.

Innig baie dankie beliefde Totius. Ons wil oor u 'n mooiste lied sing maar die woorde en die musiek ontbreek aan ons. Ons gemoed skiet vol.

Mag die Here u en Tant Maria nog lank in goeie gesondheid spaar.

VICTOR SPREEK SY WELKOMSWOORD VIR 1953.

1953—So word die jaar wat op ons wag, genoem. Ja, dit is 'n jaar wat op ONS wag; van ons sal die aksie uitgaan. Dit sal ons, studente van 'n geliefde Alma Mater wees, wat sal DOEN. Ons sal dink en werk en aan die einde van 1953 sal die boom van ons Studentelewe goeie of slegte vrugte dra.

Ons hoor 'n woord van hoë verwagtings, maar ook van ernstige waarskuwing. Ons roeping as Student-wees van hierdie Inrigting word beproef en aan die begin van ons Studentelewe word aan ons gewetens gevra: Sal julle getrou wees? En soos ware P.U.Kaners sal ons swygend die hand in eie boesem steek sodat ANDER aan die einde van 1953 kan antwoord: „Julle was getrou gewees, daarom was julle so EENSGESIND en daarom het julle die Universiteit se beginsels en julle medemens meer liefgehad as julle eie persoon”.

Wees welkom een en almal, Seniorstudente aan u Inrigting Mag u geagte dames en here (Vervolg volgende kolom).

VAN S.R. WEE

Behalwe die gewone werksaamhede van die S.R., is veral die volgende besluite wat geneem is, van belang:

Die Studenteraad het besluit om vanjaar self oor te gaan tot die bou van 'n Studentesaal! 'n Versoek is in die verband tot die Senaat gerig en ons wag op goedkeuring. Mnr. S. P. Lombard, L. J. Potgieter en W. P. van der Linde is alreeds besig met ondersoek i.v.m. die praktiese uitvoering om alreeds hierdie jaar 'n Studentesaal wat minstens duisend studente sal huisves, op te rig.

Soos reeds bekend het die S.R. besluit om 'n komitee van Tweedejaars te laat kies wat 'n Mas-sapieknief ge-organiseer het. In die toekoms sal die pieknief bekend staan as die „Tweedejaars-pieknief” en ons hoop dit word 'n jaarlikse instelling.

Die S.R. het besluit om oor te gaan tot die stigting van 'n Ontspanningsklub vir alle studente. Dit behels hoofsaaklik die doel om vir al die „leë” Saterdagagande 'n filmvertoning, plate-program en miskien iets anders aan te bied. 'n Komitee met Mnr. Koos Bosman as voorsitter is reeds besig om 'n volle plan van aksie op te stel. Besonder-

hede sal later bekend gemaak word.

Die dra van groen knopies deur die Eerstejaars bly vir die hele jaar van krag.

'n Posing tot samewerking met die Natalse Universiteit is deur die S.R. aangewend en 'n uitnodiging vir 'n samespreking is aan die Studenteraad van Pietermaritzburg gerig. Later sal meer besonderhede bekend gemaak word.

'n Buro vir verlore goedere is in die lewe geroep. Mnr. J. C. Strydom, Uitspan 16, is daarvoor verantwoordelik.

Die Studenteraad wil langs hierdie weg sy hartelike dank betuig aan die volgende persone:—

Mnr. C. Malan en P. Pelser wat die Studenteraad gedurende Februarie op 'n Inter-Studenteraadskonferensie verteenwoordig het. Sien berig elders.

Mnr. S. P. Lombard: wat tydens die afwesigheid van Mnr. F. J. P. Grabe as Sekretaris van die S.R. opgetree het.

Mnr. Koos Bosman en sy Geselligheidskomitee wat die Verwelkomingsfunksie so 'n groot sukses gemaak het.



Presidentstraat,
Potchefstroom.
16 Maart, 1953.

Mnr. Die Redakteur,

Net 'n klein sakie.

In my hoedanigheid as redakteur van sport wil ek graag idees van die Pukke hê rakende die sportblad van „Die Wapad”.

Dit het alreeds in die verlede keer op keer as „Die Wapad” verskyn gebeur dat daar oor die sportberigte gekla word. Een sê dis ou nuus, 'n ander sê dis te lank en 'n derde noem dit selfs nabetrachtings. Nou wat nou. Ek kan mos nou nie in die toekoms inkyk en voorspel—reg voorspel—wat op sportgebied gaan plaasvind nie. Kan die Pukke nie iets aan die hand doen nie. Hoe kan

„Die Wapad” u tevrede stel? Sê net, en ons doen dit dadelik.

Ek het, soos u sien, toe maar 'n rubriek begin: Sportpraatjie, om iets anders by te bring. Dit sluit aan by wat ek reeds gesê of liewers gevra het. Graag ontvang ek opinies. Anders, as ek nie positiewe raad kry nie, sal ek so voortgaan en aanneem dat alles in orde is. Ek hoop om dan geen kritiek meer te hoor nie.

Ek dank u.

D. v.d. SPUY.

(Dankie Mnr. v.d. Spuy. Ja, u praat waar. Ek het die besware ook al verneem. Pukke, laat ons van julle nou hoor en nie later nie. Die Wapad is julle blad en help ons asb.? Ons wag op julle.—Hoofred.)

getrou wees. Wees ware padwysers vir hulle wat jonger is. As gevorderde studente is elkeen van u aan die stuur op elke gebied van ons Studentelewe . . . selfs in die klein is u 'n voorbeeld en ook u wat in stilheid u Alma Mater dien, se werk is miskien die mees edelste. Mag u altoos krag ontvang.

Wees welkom, u dames en here Eerstejaars! U het die P.U. vir C.H.O. aanvaar as u Universiteit en daarmee ook sy beginsels as u beginsels. Dien daardie beginsels en nie uself nie. Pleeg nooit verraad teenoor u Alma Mater nie, want dan moes u nooit hierheen gekom het nie. Laat u dit aan die begin baie goed verstaan: Om 'n student van die P.U. vir C.H.O. te wees, is nie om u eie eer te soek nie, maar om die Eer van ons Leuse te handhaaf in alles wat u doen. Dit is die Goddelike Eer wat uitstraal vanuit u lewe, of u studeer en of u speel en lag, as student van hierdie inrigting is u roeping steeds om „In U Lig” te wandel. U

sal ons Universiteit nie dien as u uself net in u kamer opsluit en nooit speel en sing nie. U sal nooit u inrigting dien as u alleen maar speel en lag sonder om u roeping tot u studies te vervul nie. Bewaar die balans! 'n Ware P.U.Kaner is 'n ware student in die volle sin van die woord. As hy werk, doen hy dit met sy hele hart en verstand! As hy speel doen hy dit tot sy volle vermoë! As hy lag en sing, doen hy dit uit volle bors!

En hoe sal u, geagte Eerstejaars, dit alles verwesentlik? Slegs een antwoord is nodig: Om 'n Eerstejaars te bly. U sal nooit 'n volwaardige senior word, as u nooit 'n volwaardige Eerstejaars was nie. Mag u dan ook van 1953, die jaar van u Eerstejaarskap en toekomsfondamente, 'n groot sukses maak en ook u deel bydra om steeds 'n pragtige harmonie en eenheid in ons Studentelewe te handhaaf!

Langs hierdie weg wil die Studenteraad ook aan almal 'n be-



Al die Ouhere en Oudames vir hulle hulp gedurende die Kennismakingsproses.

Die Tweedejaarskomitee vir die organisasie met die pieknief van 14 Maart.

V. E. D'ASSONVILLE
(Voors. S.R.)

sondere „Sterkte” vir die Nuwejaar toewens. U sukses is ons sukses. Ons is daar om u te dien en u hulp het ons nodig. Betoon altoos vrymoedigheid, want ons sal altoos met u vrymoedig wees.

Laat ons ook ons Raad en Senaat in hulle opofferings vir ons waardeer en hulle sal ons opofferings en diens waardeer. So sal ons dan in ons swakheid sterk wees, want „In U Lig sien ons die Lig”.

V. E. D'ASSONVILLE,
(Voorsitter S.R.)

Die vere maak die voël,

STAVAST

SE KLERE

maak die man.

Van der Hoff-gebou,
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

Vir een NET HAARSNIJ,
(Dames en Here)

„DIE BULT
HAARKAPPER”

55 TOMSTRAAT. Foon 1486.

J. HEIDEMA

vir

FIETSE

EN

OLIVETTI

TIKMASJIENE

J. HEIDEMA

Kerkstraat 30,

(teenoor Geref. Kerk)

POTCHEFSTROOM.

BROKKIES uit die KUNSWêRELD.

Alabama Bang vir Mau Mau?

Hoe lyk dit dan of ons orkes nou ook die skrik op die lyf gejaag is deur die stormtroepe van oorle Oom Joe? Maar mens neem julle ook gladnie kwalik nie. Ons is eerder daarvoor bly. Want die Alabama is sekerlik die organisasie op Puk wat vir ons Universiteit die meeste naam maak en julle van plan is om hierdie Julie die Vrystaters en die Natallers toe te sak sal daar soos in die verlede nie alleen weer groot finansiële winste wees nie, maar ook getalle winste in die komende jaar vir die Universiteit.

Flippie Snyman is nou ondervoorsitter en leier van die orkes en Danie v.d. Spuy sit voor.

NAWEEKTOERE.

Behalwe die groot speel in Juliemaand onderneem die Orkes weer 'n reeks naweektoere, altesaam glo drie. Hierdie toere is alreeds byna klaar georganiseer. En om in die beste staat van afrigting te wees is die plan om by plaaslike skole uitvoerings te gee behalwe die gereelde oefenprogram weksdae en aande.

AFRIKANERS IS PLESIERIG!

Tydens die Simboliese Trek in 1938 toe die Afrikaner meer kulturbewus begin word het, het ook die speel van volkspele sy inslag gevind. Onmiddellik is oorgegaan tot die stigting van 'n laer op ons Universiteit en toe die A.B.K.K. hier in die lewe geroep is het die Volkspeler onder sy patronaatskap geval. Maar in georganiseerde laervorm het die kultuursak eers verlede jaar sy beslag gevind. Tans spog dit met 'n eie bestuur wat hom dit ten doel stel om belangstelling te wek vir en kennis te bring van volkspele aangeleenthede. Om die massa studente meer oefening te gee word algemene aande gehou en om die fynere kunsies by sy lede tuis te bring word Laeraande gereel.

EIE DRAG.

En as 'n mens na die drag kyk lyk dit besonder passend. Niggies dra maroon rokke met wit toebe-

STUDENTEN!!

Besoek mnr. N. v.d. Walt vir Skoenreparasies
Kerkstraat 51,
(regoor Queen's Hotel).

A.S.B. EN F.A.T.S.A.-FEESTE.

Vanweë ongekende geesdrif onder die Toneelspelers—kyk maar net hoe baie inskrywings was daar—gaan Thalia dit werklik waag om vanjaar twee geselskappe in die veld te stoot. Maar die sukses van verlede jaar se toer spreek vir homself en regverdig ook hierdie ondernemingsgees van die bestuur. Een toer gaan weer verlede jaar se roete platdraf en die tweede geselskap wil aan die Blikore ons Universiteit bekendstel. Ons verneem dat die organisasie met beide toere bo verwagting vlot verloop.

Vir entoesiaste wat nie die twee geselskappe kan meemaak nie word die A.S.B.- en F.A.T.S.A.-feeste in die vooruitsig gestel.

Hierbenewens is die plan om programmaande aan te bied. Ons verneem dat daar een in elk van die tweede en derde kwartaal sal plaasvind.

Kap 't uit, Thalia! Hier is mos 'n paar ongelowige Thomasse wat sien is glo sê. Speel asof julle lewens daarvan afhang. Die Wapad swaai julle lof toe vir hierdie grootse onderneming en hy wens julle ook wavragte vol sukses en sakke vol geld toe om huis toe te bring.

hore. Die neefs se drag bestaan uit 'n geel nekdoek, maroon onderbaadjie, wit hemp met pofmoue en witbroeke vir die somer en demonstrasies. Met saamtredke en in die wintermaande word die witbroeke vervang met ferveelbroeke.

In die kort tydjie van sy bestaan het die Laer alreeds sy plek oop gedraai. Met die Potchefstroomse Tentoonstelling verlede jaar het die P.U. groep die Rembrandt Wisseltrofee vir alle laers in Wes-Transvaal verower. Niggie Unita Scheepers is gekies om die Buitelandse Volkspeler mee te maak en Alta van Wyk is as reserve benoem. Baie baie geluk, Niggies en die P.U.-laer.

Die eerste laersaamtredk vind 5 September in die vorm van 'n lenteaand plaas. Hierheen sal alle belangstellende laers in Wes-Tvl. uitgenooi word.

STERKTE!!!

Oom Wapad wens julle somer wavragte goeie wense toe!! Neefs en Niggies, draai en draai en draai totdat julle nie meer kan nie en dan moet julle mekaar eers swaai. Die toekoms en die sukses lê in julle eie hande. Wees somer opregte en plesierige Afrikaners. Baie Sterkte!!!

KAN 'N BETTERIE HELP DAT HY OPGETJAARTS IS?



PADVARK...ROADHOG...T.J.

Wanneer 'n ouheer 'n groene drel sal passeer op enige weg, uitweg, oorweg, ingang, uitgang, oorgang, poort, kanaal, spleet, skeur, opening, kloof of deurgang dan sal die genoemde drel sy stinkende corpus streng terug trek of reservereer totdat die oue vader verby is en die soped van genoemde drel sal seer zero wees, terwyl die hoofbedeksel oftewel

hoofbeskutsel, tot die minimale hoogte van twee (2) el gelig moet word.

Was dit nie vir die skitterende verdediging nie dan sou hierdie verdoemde seer sekerlik in die ondergange van Hades sy laaste oomblikke beleef het maar „have mercy on a drunkard! . . .” Siet hom aan met sy baaisiekelbôl ogie . . . My kliënt is ongebalanseer, geestelik versteurd”.

Op die foto hierbo sien u die Hof van Hades in volle sitting. Van l. n. r. Jurielid Casporius Nugter, adv. vir die verdediging Snippie Flyman. Hoofregter Stier, Klerk van die Hof Sir Long John Fisher met die wette op die liederike papiri, aanklaer Doipos Viveros, twee publieke Uitsmyters en die Verdoemde.


Foto: F. Botha.




BESTUDEER HIERDIE FILTERKAART



Rembrandt se Golden Throat-filter met lagies watte tussen kreukelpapier. Breek die filter oop en kyk self.



Sonder die watte tussen die lagies kreukelpapier, sou die rook reguit deur die papierlae getrek word, sodat strale warm rook die tong tref.



Die Golden Throat-filter wat eksklusief deur Rembrandt gebruik word, gee koel, verspreide rook—geen teken van tongbrand nie!

Net Rembrandt het die „Golden Throat”-filter

STANDAARD GROOTTE 1/5 VIR 20, 3/6 VIR 50. VAN RYN-GROOTTE 1/9 VIR 20

Kopiereg.

RFA.61

WELKOM, WELKOM, ALLE OUD PUKKE!!

Geluk met die graadjie!

Aan al die oud Pukke wat vandag graad ontvang en die wat op die oomblik nog onder ons is wil Oom Wapad 'n warm handdruk gee. Dit is somer 'n groot oomblik in 'n mens se lewe hierdie. 'n Man werk mos daarvoor. En al ons ouers is meer as dankbaar daarvoor dat ons darem sover gekom het. Was dit nie vir hulle inspirasie nie dan sou dit maar broekskeur gegaan het. Hulle gebede en besorgdheid waardeer ons almal. Ook aan hulle sê Die Wapad: Veels geluk!

Maar sê ons eers. Hoe voel dit nou om vir 'n slag weer so tussen die ou makkers rond te beweeg en te gesels oor die goeie ou dae? Ja, hier sal 'n man 'n puttige relaas hoor van hoe „ons daai ou Omie se enigste paar vrugte-boompies gestroop het” en daar weer hoe Ghatlandia vir Heimat een nag oorrompel het. „Onthou jy nog, . . . ?” Ek glo dat 'n men se ou hart weer stronke vreet as jy die pragtigste vrindin-ne, en moenie praat van die „Gold Rush” nie, so sien rond beweeg. Lekker ou dae gewees, . . . sing songs, sleep, kys, skiet, massa, vruggies leen, intervasities, vis-dam, die Vrydag fliekery, ontgroening en al daai ou droogmakery.

Welkom, welkom en nogmaals welkom!!! Ons geniet dit om weer die ou gesigte hier te sien.

Hier op Puk gaan dit klipsteen hard. Ons doen nog dieselfde ou dingetjies. Dis mos lekker om student te wees. Wie sal dit nou wil ontken? . . . Nie een nie! Soos julle gemaak het, so maak ons ook nog en dit bly lekker. Kap 't uit. Al wat ontbreek is diegene wat al weg is. Maar so is die lewe maar. Dit kom en gaan gedurig. En moenie praat van daai kom nie. Daar lê die ding. Kyk maar net rond hoe word die eersteling-dametjies gesleep en 'n paar is al heen. Die dinge loop na 'n punt toe.

O, ja, wat ek wou sê. Dié van julle wat op Oom Wapad wil in-teken sal op die agterblad 'n in-tekenvormpie kry. Vul hom maar in en stuur die poswissel. Ons sal sorg dat julle Die Wapad gereeld kry.

Nogmaals weer geluk. En vir die toekoms sê ons: Sterkte. Ons hoop die nuwe werkkringe is interessant. Om jou eie geldjies te verdien is tog maar die beste nê. Moet nou nie die boeties en sus-sies hier vergeet nie. Onthou, hulle wil ook fliek en trakteer en soms is die beursies dolleeg. So'n paar pennies af en toe is net die regte ding.

Volgens syfers wat deur die kantoor beskikbaar gestel is, is verlede jaar hereksamen toegeken aan 136 studente in 184 kurses. Daar is o.a. aan 45 B.A.-studente hereksamen in 54 kurses gegee en aan 2 B.Soc.Sc.-studente hereksamen in 3 kurses.

SP-KER

Ja, sport en grap floreer by ons Maar niks word so waardeer deur ons As 'n ligte kleed van luim en sekts Oor 'n kern so hard as nat-gras-erts.

Pierneefuitstalling.

Vanaf die 16e tot die 21e Maart word daar 'n uitstalling van Pierneef se skilderye in die kuns-kamer van die Biblioteek gehou. Hierdie uitstalling is van sodanige aard dat dit Pierneef se ontwikkeling as skilder vanaf die begin tot nou dek.

WENS...

*Kon ek maar vlug
Van die harige kloue
Wat my wurg . . .
. . . en moor . . .
My Siel al snakkend
Na die Lewe.
Deur die wye blou
En sag by jou
Gaan snik
Die eenzaamheid van my hart.
O, Polsende lewe
En weet . . . net weet.*

CHARL.

Tydens 'n verkiesingsvergadering van die P.U. Regsvereniging, gehou op 2 Maart, is die volgende persone verkies om die bestuur van 1953 uit te maak:

Voorsitter: J. A. Coetzee.
Onder-voorsitter: M. J. Strydom
Sekretaris: S. Postma.
Pennnigmeester: B. J. Pienaar.
Add. Lede: Mej. E. König,
R. P. Hauptfleisch.

GOED BEGIN:

Charles Schlesinger—leen elke aand Wiese se dasse om sy week vooraf-bespreekte slepe 'n sukses te maak.

Jors Schutte—paradeer elke aand voor die dameskoshuise, die ene hoop.

Stoker Snyman—Annette Vorster dryf hom in die rigting van 'n spoorweg-ongeluk.

Alwyn Malan—rook drie-kartier per aand Brits-tabak.

Mnr. Willie J. J. du Plessis.



Foto: F. Botha.

Mnr. Willie du Plessis is sover Die Wapad kon uitvind die eerste blinde student in Suid-Afrika wat hom in die Teologie bekwaam. Mnr. du Plessis het die B.A.-graad verlede jaar afgeskryf. Dit alleen is al 'n prestasie, want om Grieks, Hebreeus en Latyn te beheers is 'n byna onbegonne taak as mens nie sien nie. Willie moes elke klank en nuansering in Braille afneem, sekerlik 'n tydrowende taak. Hy is tans eerste jaar op die Teologiese Skool.

Mnr. du Plessis is aan die begin van Januarie 11 met Mej. Martie Pretorius getroud. Martie is afkomstig van Delmas, Transvaal. Sy bekwaam haar tans met die hulp van ander studente in Hebreeus en Grieks.

SKENKER VAN £2000.



DIE KRANKE.

*Stil, in die noue engte
Van vier mure, omsluit
'n donker lig my siel.
Die smag na lewe
verdoef sy oog;
Die bedjie . . . kraak,
'n Sug.
'n Snik . . .
. . . Hy ween.*

CHARL.

EENDAG.

*Sal eendag as die liefdesvlam
moeg kwyn na uitgewoede krag,
ook ek en jy,
met afsku oor ons brandend
gloed
mekaar betrag,
en walg vir 'n bleek gesig
met oë diep . . . en dof . . .*

CHARL.

HOERA!

Na ons van mnr. J. J. Lombard hoof-argivaris, verneem, is daar tydens die vakansie talle verbeterings aan die argief aangebring. Hy het ons meegedeel dat die deur, wat vroeër feitlik aan geen skarniere gehang het nie, versterk is en dat daar nuwe ruite in die venster geplaas is. Verder is daar tralies voor die venster ingesit asook verskeie rakke teen die mure. Vroeër moes artikels op die grond geplaas word.

Alhoewel die argief baie verbeter is, verklaar die argivaris, is daar tog nog 'n behoefte aan 'n beter en ruimer gebou.

SMOLLOPS

*O, koud is die windjie en
skraal,
en waai om ons bene so kaal.
So wyd as die ou Vaders se
gewete
Lê die B-veld vol drake met
skete.
Uit elk draak se oog
Spat 'n traan met 'n boog . . .
En hul oen in die kou
Tot hul moeg is flou!*

Die volgende personelede word geluk gewens met hulle benoeming as professor:

Dr. B. van Deventer,
Dr. H. L. Swanepoel,
Mnr. M. C. Roode,
Dr. W. N. Coetzee.

'n Professoraat is ook toegeken aan Dr. J. J. Snyman, voormalige vise-hoof van die Riebeeck-hoërskool, in die opvoedkunde.

As voltydse personelede aan die Universiteit is aangestel:

Dr. T. T. Cloete, lektor in Afrikaans-Nederlands; Adv. L. J. du Plessis, senior lektor in die regte; mnr. H. Stoker, lektor in rekeningkunde en ouditkunde; mnr. C. N. Venter, lektor in maatskaplike werk; en mnr. C. M. Wimmers, senior lektor in die regte.

Prof. J. S. van der Merwe sal die eerste semester afwesig wees vir verdere studie in Nederland.

Mnr. J. P. Malan, verbonde aan die departement Musiek, studeer in Oostenryk.

Langs hierdie weg wil ons Dr. en mev. J. H. Coetzee gelukwens met die geboorte van hulle vierde seun.

Prof. D. J. Viljoen sal die heel jaar afwesig wees om navorsing te doen vir die graad D.Comm.

Ons hartlike gelukwensing aan Prof. J. C. Coetzee wat op 8 Maart sy 60e verjaardag herdenk het. Prof. Coetzee het 'n belangrike bydrae gelewer aan die opvoedkundige afdeling van die Universiteit.

Beter
Tabak
maak
Beter
Sigarette



Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerste graadse tabak.

Kommando

PROF. GRAWE DOEN ONTDEKKING

„Hier's Geen Studentesaal
nie!”

Soos reeds penreguit by wyse van openbare skimpery en op eg tipiese ondergrondse geskwelery op ordentlik plegtighe- hede nou verskeie kere al bvstig is dat daar hoegenaamd geen bewyse is dat hier so 'n gebou as 'n studente-saal op die gronde van die Universiteit was nie, het Die Wapad ondersoek gaan instel of hierdie agitasies nie dalk ontsenu kan word nie. Genoemde blad het toe opdrag aan Prof. Grawe gegee om 'n operasie studentesaal te onderneem en opgrawings te doen om vas te stel wat nou eintlik die reste veronderstel te wees wat na die onlangse groot oorstromings besig is om bokant die grond uit te verweer kort duskant anderkant die bekende manskoshuis Hymat.

Prof. Grawe, 'n wêreld ontken- de argeoloog het vroeër reeds in 'n brosjure die mening gelug, wat snaaks genoeg deur geleer- des alhier as „minderwaardig” bestempel is, as sou die reste die verweersels wees van 'n saal wat eerder as ooit ter beskikking van studenteaktiwiteite deur die Owerhede van die Potchef- stroomse Universiteit gestel is. Hierdie Potchefstroomse Uni- versiteit is geleë naby Army Kamp, 'n voorstad van Cachet. Sy stelling dat die reste die uit- weersels is van 'n studentesaal 300 jaar gelede bewys hy as volg:

(a) 'n Kaart en Transport van die sg. gebou en die gron- de waar die reste tans afskilder is ontdek, vermoedelik opgetrek deur Drs. Gaip.

(b) 'n Lywige jaarboek geda- teer 1975 is ook ontdek wat voorin 'n plan uiteensit van die Universiteitsgronde. Die ding is ongetwyfeld meer as eeue ou en lê digby Army Kamp. Die outoritêre mening is dat die P.U. vroeg reeds be- staan het onder die naam Gimmies Hoër vir Hereksamen.

(c) Toegedraai in 'n ou stof- lap, vermoedelik 'n flenniehemp- pie van Sottie, is 'n manuskrip ontvou wat 'n beskrywing gee van hoe die plekkie in die jare ses daar uitgesien het. Hier volg 'n ekserp daaruit: „Voorts weet ek net dat de studentekamertjie tussen de stadsaal en de water- werken doen staan, lg. glo eien- dom van de prachtige stad Cachet. Dese studentekamer- tjie is na de archifaris mij mee- dele in de jar 1975 tot national monument verklaar. Vroeger, so deel hij mij mee, doet dit diens as kittel en losieshuis. Lg.

Ons hartlike gelukwensing aan Mnr. F. F. E. (oom Frans) Buys en mev. Buys met die geboorte van hul dogter.

Nog 'n Puk-„case” het uitgeloo- p op 'n verlowing op 27 Januarie. Baie geluk Mej. Erika Stoker en mnr. Roelf Buys.

Dr. Pieter Stoker, seun van Prof. en Mev. H. G. Stoker, het hom op 31 Desember verloof aan Mej. Arina Kriel. Albei is ver- bonde aan die personeel van die Universiteit.

Mnr. J. H. Grobler, lektor in Grieks, en mej. Lawrette Webb is op 6 Desember 1952 in die huwe- lik bevestig.

W. J. GROBBELAAR,

Mans- en Dames-
Haarkapper

Kerkstraat 97. Foon 330.

Probeer ons beroemde
JAMAL MASJENLOOS PERM
Bekwame Mans-afdeling.
Sigarette en Fantasia Goedere.

informatie is glo verkry uit ene korrespondentie geskryfde door de swarte Heer Ds. Blackie. Hy het in de vroege Renaissance van de huidige eeu geleef. In dese korrespondentie had hij behalwe 'n paar spykerologiese grepe, en persoonlike mede- delingen aangemerkt waarin herhaaldelik na ene Sosiale Hervormster verwyst worde. De Chaimber of Horrors deelt mee dat dese meidjie bekend was as Vamper Bosvrou. 'n Briefie geadres- seer Tabangkoeloe is in dese korrespondentie vasgelek en aan de genoemde Ds. Verdon- kerte P.a. Studentesaal gerig”.

Dit blyk dus duidelik dat hier- die gebou wel as koshuis diens gedoen het. Veral die adres van die aangehaalde brief werp hier- op veel lig. En dis so allerbe- langrik.

My beskeie konklusies dat hier- die reste wat ek aanneem 'n ge- bou was so te nimmers nooit 'n studentesaal was nie. Dit bewys onder andere sy vermoedelike boustyl, want die verhewe, ont- wikkelde en kunskritiese smaak van onse senaat wat boustyl be- tref sou bo alle twyfel nooit toe- gelaat het nie dat hierdie gebou wat op eg Afrikaanse styl gebou is gedurende die periode van die Angel Saksiese oorheersing as voorbeeld van doeltreffende en ultra moderne studentesaal vir die leerlinge van genoemde skool diens moet doen nie.

Prof. Grawe het goeie werk gedoen en Die Wapad het toe be- sluit dat aan hom as blyk van waardering 'n stel pikke en grawe present gegee word om sy onder- soekingswerk voort te sit en later weer aan Die Wapad hieromtrent te rapporteer.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.

J. TOD SUTTIE

KOMplete

Mans-uitrusters

vir al u

KLERASIE EN ANDER
BENODIGDHEDE.

127 Kerkstraat,
Posbus 219 Foon 1
POTCHEFSTROOM

Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner

J. P. V.D. WALT,

L.F.V.

KERKSTRAAT 111
(Langs Ackermans)

Foon 929,

POTCHEFSTROOM.

Ek voorsien ALLES wat van 'n
Aptek verlang word.



P.U. vir C.H.O.,
14-3-1953.

Degsê Pukke,

Ek is Sarel. Joggem van die Brandwag is my neef en Sampie van die koerant is boetie. My pa se naam is Stoffels O. Stoffels. Nou ken julle ook my hele pède- ghrie.

Ek het van Oom Rassie ons hoofredakteur toe nou die dag opdrag gekry om elke keer iets in hierdie rubriek te sê. Ek en hy is darem groot vrinne. Hy is 'n goeie ou as jy net weet hoe om met hom te werk. Ek hoop net nie hy gaan staan en lees hierdie brief nie anders dink hy dalk ek wil sy fiets of sy kruis- bande leen.

Maar uit die staanspoor moet ek met julle raas. Hoekom sing julle nie lewiers vir oom Malen- kov „Hy lyk vir my so baie na Tant Koek se hoenderhaan” nie as om dit vir 'n eerbiedwaardige Professor te sing.

Pukke julle moet vir my skryf en skelm vertel wat julle van die ander Pukke wil skinner. Maar ek sal hierdie keer eerste my sê sê. Toe dag ek maak die dore eerste op die lys en besing hulle in 'n ballade. Sy naam is

DOODVERDRIET.

Veertig dore op 'n ry
nie een se gesig lyk bly nie.
Hier 'n snik en daar 'n traan
Droewe dore staar mekaar aan.
Door Marja Poggempoel die lag
die maag van al die water sag.
Die dore-lied word mooi gesing
„Die Donkie is 'n wonderlike
ding

Die ou dames kyk met woedend
oë

Die musiek was bo hul vermoë.
Verpletrend die slag:

„Julle word ONTHEF”.

Hoe is hulle getref

Maar dit hoop ons en ons hoop
te wees

Eendag ook Pukkies

soos die ou dames te wees.

Nouja Pukke hoes daai vir julle. Sien, ons eerstejajars is darem ook met idealisme vervul. Bel dan maar en sit die dyts aan. Maar moenie maak soos die ouheer wat vir Cohen, Cohen, Cohen en Cohen gebel het nie. „Kan ek met Mnr. Cohen praat?”

„Jammer, maar hy is met
vakansie”.

„Kan ek dan met Mnr. Cohen
praat?”

„Jammer, maar hy is in die
Hospitaal”.

„Kan ek met Mnr. Cohen
praat?”

„Jammer, maar hy is uit op be-
sigheidw”.

„Kan ek nou met Mnr. Cohen
praat?”

„Dis hy wat praat Meneer!”

Nouja hieroor wil ek nie eers kommentaar lewer nie. En dan is daar natuurlik ou Jan Visser wat deesdae met 'n “safety razor” skeer. Dis glo heeltemaal “safe” want die “razor” ontbreek. En dan nog Alwyn wat om een of ander rede in Maartmaand Tus- sen die Tuine rondlopa saam met Ella, aag ekskuus, eintlik Elsa

Eloff v.d. Walt. Salome dink weer dat die swartbord haar blonde lokke beter sal aksentueer. Sels ou At Engelbrech raak al buite hoop; die verkeerde Jaortjie kom skoot vir skoot voordeur toe.

Maar stel julle voor:

Tokkelok v.d. Walt as Mies Universe.

'n Tweede jaar wat nie vir die “Gold Rush” inskryf nie.

Tony Lombaard as paalspring- kampioen.

Naas Kempen as kontrabas in die koor.

Hauptfleisch en Kittangslater van Biljon met hulle ooreenkoms om jaarliks by groot geleenthede sleepsels uit te ruil.

Pegleg du Plessis sonder 'n „blind date”.

Maar lees net wat stuur Elsa in van haar mede eerste jaartjies.

A staan vir Annelie, die doortjie met die breins.

B staan vir Betsie, baie berg 'n bietjie Steyn.

C staan vir Casper, die “vamper van 'n door”.

Die een wat dit nie raai nie sal Ena wel vermoor.

E staan vir Elmien, 'n doortjie klein en mooi

F staan vir Florentine met krulletjies opgetooi.

Geeneen sal ooit die volgende doortjie kan vero'er.

H staan vir Hettie, ja Frans, ons het klaar gehoor!

I staan vir Ina, maar hier is twee daarvan,

Julle sal nooit raai wie kry die regte man.

K staan vir kerslig, wie maak gebruik hiervan?

L staan vir Lina. Sy sê: Boer maak 'n plan.

M staan vir Marie, die “jitter” onder ons,

Nee kyk dan hoe “jive” sy dat dit gons.

O gits, ek kan nie verder gaan, Pas is my woordeskat gedaan.

Nouja, tot ons weer gesels sê ek: Bëllalaika!

SAREL.

INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNsoORTE

en

SPIRITUALIEË

ELKE DAG VARS!

TURKSTRA SE
BAKKERY

BROOD en alle KOEKsoORTE

Raadpleeg ons vir

BRUIDSKOEKE

Tomstraat,
Potchefstroom.
Vrydag, 13.

My meeste liefste Oom Soois,

Ek het toe so by meself gedink, ek wil weer vir oom skryf, en nou skryf ek vir oom. Sowaar oom, ek virlang nou so baja na oom en Tant Fya laat ek amper nie meer kan hou nie. Maar dis nog so 'n dang tyt voor ek oom weer sien laat ek maar sal hou. Soos oom kan sien is ek nie meer in Ons Huis nie want hulle het hy uit- gesmyt uit die loosieshys. Dis darem nie so erg nie want hulle sê dat ek net so langk is as oom Soois se feertienossweep. Daar is nog ander kinders ôk uitgesmyt en nou lk dit vir my as die son ytkom kom hille tissen die bosse uit om te kom klas loop. Onthou oom dis nie ek wat sê uitsmyt nie dis die ander kinnars wat so sê. Hiers mos nie een wat my kan uitsmyt nie, of hoe sê ek oom? Ek weet tog nie hoekom hulle hier so baie bikle nie, dis tog so naar, nê oom. Ek kan nog onthou wat die dominee vir my gesê het toe ek hienatoo gekom het. Hy het gesê ou Seen jy moet tog vreesamig wees daar op die opvoeteringsskool. Nouja oom die dominee is mos reg.

Oom ons het nou die dag hof gehou. Weer dieselfde as laaste jaar. Ek het my byna vrêk gelag weer oom. Daardie Hollander was weer hier oom, die atfook- kaat maar ek het gelag as hy so snaaks praat. Daar was sôkke swart goet ôk. Ek dink dit was mense maar my ou maat dink dis spoke. Hille het weer 'n klomp drake, dis nie die drake wat die Bybel van praat nie oom dis eerstelingsjare of soos die reg- ter gesê het suigeling, dis ook weer ander goet as outerlinge. Die ou manne het die eerstelings- jare in 'n donker kamertjie ge- wurg. Toe skrik ek groot oom, want dood is dood. Maar oom vandag hou ons mos 'n gratedag. Nou moet oom nie skrik nie want dis die ding se naam. Ek wil ôk gaan kyk oom want ek hoor dat ons koek en koeldrink gaan kry. Oom die nie figrate nie, dis glo geleertheid. Dit lyk glo sos 'n groot. En dan slaat hille jou glo met 'n kêps. Die ding ken ek nie oom maar dis net sos 'n pan. Daai tōr wat hulle gaan slaat ek hoop nie hy gaat moeilikheit maak nie. Ek hoop nie hy slaat aan Pitter nie want hy is sterk. Hy druk 'n deer toe vir sewe. Die pōliesie is darem ôk by.

Hoe gaat dit nog met Tant Fyja en die virkiesing? Sê vir haar my onderklere hou nog en ek sit nie op koue klippe nie. My koek is op maar daar is nog baie vrugte wat ek kan eet.

Baie Groetnis Oom,
ek virlang nou eers baie,
oom se nevie,
SOTTIE.

EXCELSIOR MEUBELS

KERKSTRAAT 132.

Foon 743.

KOM BESOEK ONS
EN OORTUIG USELF
VAN ONS

KWALITEIT

en

VERSKEIDENHEID
MEUBELS.

PUKKE VERTOON BEVREDIGEND OP KRIEKETWEEK

Op die onlangse inter-universitêre kriekettoernooi in Kaapstad, die P.U.-span met 'n redelik goeie vertoning voor die dag gekom het deur gelyk te eindig saam met die ander twee Afrikaanse Universiteite wat aan die toernooi deelgeneem het tw. Stellenbosch en Pretoria.

Die drie Normaalspelers, Piet Botha, Ockert Nel en Max Faul, wat ingesluit was in die span, was van groot waarde en hulle het met mooi individuele vertonings voor die dag gekom.

In die eerste wedstryd het die Pukke teen Natal te staan gekom. Die Puk-boulers het besonder goed gevaar om die hele Natal-span vir 'n skamele 112 lopies in die pawiljoen terug te hê. Die suksesvolste boulers was Ockert Nel en Max Faul, beide met 4/30. Toe die Pukke begin kolf het, het alles in die rigting van 'n oorwinning vir hulle gedui; slegs een paaltjie was plat en die telling was reeds 36 lopies. Toe kom die ineenstorting en die hele P.U.-span was uit vir 52. Natal wen dus die wedstryd met 60 lopies. Piet Botha met 20 lopies en Hennie Muller met 16 het die beste vertoning onder die kolwers gelewer.

Met die wedstryd teen Kaapstad was die Puk alles behalwe op hulle stukke. Die veldwerk het veel te wense oorgelaat en hoofsaaklik as gevolg hiervan het Kaapstad 230/4 (verklaar) aangeteken. Die Pukke het weereens swak gevaar met die kolf en slegs 48 lopies aangeteken met Dick Hauptfleisch (9) en Ockert Nel (12) as die hoogste tellings. P.U. verloor met 182 lopies.

Tukkies is toegelaat om 152 lopies aan te teken—'n telling wat heelwat kleiner kon gewees het as al die vangkanse raakgevat is. In antwoord hierop kon die Pukke slegs 69 lopies aanteken, waarvan Piet Botha 17, Hennie Muller 10 en Max Faul 9 lopies aangeteken het. Dié wedstryd, wat maklik gewen kon gewees het, is verloor met 83 lopies.

Teen Stellenbosch het die P.U.-span mooi reggeruk en die sterk kolfspan van die Maties uitgeklikker vir 104 lopies. Max Faul met 4/13 het skitterend gebou.

Die Pukke het goed afgesit met die kolf en die nodige 105

lopies aangeteken vir die verlies van 5 paaltjies. Dick Hauptfleisch het puik vertoon met 33 n.u.n., terwyl Piet Botha (17) Hennie Muller (20), Styger (10)

en Jack Strydom (12 n.u.n.) ook vir mooi tellings gesorg het. Puk wen dus sy laaste wedstryd met 5 paaltjies.

LIGAWEDSTRYDE.

Die Puk-span het beide sy wedstryde teen Stilfontein en Witrand van vanjaar, verloor. Die neerlae was hoofsaaklik te wyte aan 'n gebrek aan kolfkrag by di ePukke. P.U. beklee tans nog 'n hoë posisie op die punteleer.

HAUPTFLEISCH STEEL LOPIE OP KRIEKETWEEK.



AI, MAAR DIE LITTE IS STYF.



SPORTPRAATJIES

Atletiekintervarsity.

Op 11 April hou die P.U. Atletiekklub intervarsity teen U.O.V.S. Hiermee word 'n begin gemaak met 'n nuwe rigting wat van nou af 'n jaarlikse instelling sal word. Die eerste byeenkoms word op die Puk se nuwe atletiekbaan gehou en by hierdie geleentheid word die nuwe baan dan ook amptelik ingewy. Na verneem word is die doel van hierdie byeenkomste om die standaard van die atletiek van die P.U. en die U.O.V.S. te verbeter. Dié twee inrigtings vaar altyd feitlik die swakste op die Dalrymple byeenkoms en sterk onderlinge kompetisie kan albei besonder baie baat. Dié byeenkomste sal dan ook jaarliks vóór die Dalrymple plaasvind.

Die fondse wat op hierdie wyse ingesamel word, sal aangewend word vir die bestryding van die reiskostes van die atlete en die onkoste i.v.m. die byeenkomste.

U.O.V.S. INTERVARSITY.

Die jaarlikse intervarsity tussen die Pukke en die Outjies vind vanjaar op Potchefstroom op 2 Mei pplaas. Die Puk-spanne oefen alreeds fluks en alles dui daarop dat die botsings weer besonder interessant sal verloop. 'n Kort rugbytoer word in die vooruitsig gestel vir die komende April-vakansie om die spelers 'n bietjie oefening te gee.

Samesprekings sal binnekort ook gehou word met die Natalse Universiteit met die oog op intervarsities tussen hulle en die P.U. Verder is daar ook sprake van rugbywedstryde teen Wits en Tukkies. 'n Interessante sportjaar word dus in die vooruitsig gestel.

SWEMKLUB.

'n Swemklub is onlangs aan die P.U. gestig en as 'n mens na die entoesiasme onder die nuwe lede yk, lyk dít of die klub 'n groot sukses gaan wees. Richard Impey is as voorlopige kaptein vir die mans gekies, terwyl Truia de Wet as voorlopige dames-kapteine aangewys is.

KRIKET TEEN OXFORD-CAMBRIDGE?

Berigte dui daarop dat 'n gekombineerde Oxford-Cambridge krieketspan Suid-Afrika binnekort sal besoek. Waarskynlik sal hulle dan ook teen die Pukke speel. Hoewel die botsing in so 'n geval ongelyk sal wees, kan so 'n wedstryd nogal interessant verloop. Daar bestaan egter nog geen sekerheid omtrent die saak nie.

KOM SIEN ONS—

vir u

Fotografiese- en
Aptekersbenodigdhede
GEEN & VELLEMAN,
KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

**BLITZ DROOG-
SKOONMAKERS**
Die Afrikaanse saak vir
Afrikaanse Studente.
Vir u gerief bestaan daar
Ontvangs- en Afleweringseriewe
in al u koshuise.
„BLITZ”—die woord vir
DROOGSKOONMAAK.
Nywerheidsgebied,
Telefoon 789, Potchefstroom.

Ed. L. OOMS,
N.S.T.O., N.V.V.O. (Ned.)
OOGKUNDIGE



BRILSPESIALITEIT
OE-TOETS OP WETenskap-
LIKE GRONDSLAG.
KERKSTRAAT 129
(Nasionale Bank-gebou)
Foon 980.
EIE OPTIESE SLYPERY.
Depôt: Carlzeiss-Jena.

So gaan dit as die rugby-
skoene al toe onder die stof
geword het. Maar wat wou! As
die seisoen nader kom dan krap
'n man hulle net weer uit. En
op die foto hardloop die en-
toesiaste bietjie vir wind, al
hang die tong ook myle by die
mond uit. Die manne weet dat
ons feitlik 'n nuwe span moet
opbou en as jy aspireer sorg
jy ook dat as die amptelike
oefeninge begin jy genoeg
stamina in voorraad het om tot
die end toe te druk en te beur.

M.Soc. Sc. Graad.

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Universiteit word daar 'n M.Soc.Sc.-graad toegeken met die eerskomende gradedag-plegtigheid en wel aan Mej. C. Viljoen, lektrise in Maatskappielike werk.

ONDERSTEUN

ONS
ADVERTEERDERS

INTEKENVORM VIR „DIE WAPAD”.

Aan: Die Wapad,
P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.

Neem asb. my naam op as intekenaar op „DIE WAPAD” vir 1953. Ek sluit hierby tjek/poswissel/posorder in ten bedrae van 4/6 (posgeld ingesluit).

NAAM:

ADRES:

VIR—

VIS, ERTAPPELS,
VERVERSINGS, ENS.

WELKOM KAFEE,
Von Wiellighstraat 13,
POTCHEFSTROOM.

Dis u kafee, Studente!

PRO REGE-PERS

BOEKHANDEL

en

ANTIkwARIAAT

vir al u

WETenskaplike BOEKE
EN SKRYFBEHOEFTEs.

Telefoon 1164,
KERKSTRAAT 59.

P. W. BUYS

U verteenwoordiger van
REMBRANDT.
Kerkstraat 28. Telefoon 897,
POTCHEFSTROOM.

ARCADIA

(oor Landbank)

HAARKAPPER- SALON

Kerkstraat 53,
POTCHEFSTROOM.
Van der Hoff-gebou (regoor
Landbank).

Dames- en Here-
Haarkapper.

Vir u volgende permanente
golwing besoek ons.

Foon 1269
SKOONHEID EN NETHEID
GEWAARBORG.
STUDENTE WELKOM.

Drink en Geniet

S & S

Super Dilla

en

Super Orange

Sherr & Shakinovsky

AUTO LAAN

Foon 16

C. VAN DER MERWE,

Kerkstraat 93,

POTCHEFSTROOM.

Waarom sal jy loop as jy kan ry?
('n Vraag van Frikkie Fietsryer
aan Fanie Voetganger).

BESPAAR TYD, KRAGTE EN
SKOENE

deur

'n Fiets aan te skaf.

Studente!!!

Vir al u

**HANDBOEKE,
SKRYFBENODIGDHEDE,
LEERTASSE,
GESKENKE, ENS.**

besoek ons en wees verseker
van goeie diens.

**UNIE-
BOEKHANDEL**
(Edms.) Bpk.

KERKSTRAAT 90.
Foon 497.